# Rapsodie van Realiteite

**...'N DAAGLIKSE OORDENKING**

*Chris Oyakhilome*

LWPL LoveWorld Publishing

Unless otherwise indicated, all Scripture quotations are taken from the *King James Version* of the Bible.

A KEY FOR OTHER BIBLE VERSIONS USED:

| | |
|---|---|
| NKJV | -New King James Version |
| AMP | -The Amplified Bible |
| AMPC | -The Amplified Classic Bible |
| TANT | -The Amplified New Translation |
| TLB | -The Living Bible |
| CEV | -Contemporary English Version |
| NASB | -New American Standard Bible |
| ISV | -International Standard Version |
| NIV | -New International Version |
| MSG | -The Message Translation |
| WEB | -The World English Bible |
| TNLT | -The New Living Translation |
| ASV | -American Standard Version |
| TEV | -Today's English Version |
| RSV | -Revised Standard Version |
| GNB | -Good News Bible |
| WNT | -Weymouth New Testament |
| NRSV | -New Revised Standard Version |
| MOFFAT | -Moffatt New Translation |
| WESNT | -Wesley New Testament |

EBR -Rotherham's Emphasized Bible
DRB -Douay-Rheims Bible
TPT -The Passion Translation
CJB -Complete Jewish Bible

***Rapsodie van Realiteite ...'N Daaglikse Oordenking***

ISSN 1596-6984
Augustus 2026 Uitgawe
Copyright © 2026 by LoveWorld Publishing

FOR MORE INFORMATION AND TO PLACE ORDERS:

**UNITED KINGDOM:**
Unit C2, Thames View Business Centre,
Barlow Way, Rainham-Essex, RM13 8BT.
Tel.: +44 (0)1708 556 604
+44 (0)8001310604

**USA:**
Loveworld Publishing USA,
28 Prestige Circle, Suite 1100,
Allen, TX 75002.
Tel.: +1 (469) 656-1284
+1 (800) 620-8522

**NIGERIA:**
Plot 105, Chris Oyakhilome Crescent,
Durumi, Abuja,

Plot 22/23, Billingsway Road, Oregun,
Ikeja, Lagos.
P.O. Box 13563 Ikeja, Lagos.
Tel.: +234 201 8888 186
+234 201 3300 102

**SOUTH AFRICA:**
303, Pretoria Avenue,
Cnr. Harley and Braam Fischer,
Randburg, Gauteng 2194,
South Africa.
Tel.:+27 11 326 0971

**CANADA:**
LoveWorld Publishing Canada,
4101, Steeles Ave W, Suite 204,
Toronto, Ontario,
Canada M3N 1V7.
Tel.:+1 416-667-9191

*www.rhapsodyofrealities.org*
*email: rorcustomercare@loveworld360.com*

Alle regte voorbehou onder die Internasionale Kopieregte Wet. Inhoud en/of die omslag mag nie heel of gedeeltelik gereproduseer word sonder die geskrewe toestemming van LoveWorld Publikasies nie.

# Inleiding

Hoera! Jou gunsteling Bybelstudiegids, die Rapsodie van Realiteite, is nou beskikbaar in 8,123 tale en nog meer is op pad. Ons vertrou dat die 2026 uitgawes van hierdie Bybelstudiegids jou geestelike groei en ontwikkeling sal bevorder en jou sal posisioneer vir volslae sukses die hele jaar.

Die lewensveranderende gedagtes in hierdie uitgawe sal jou verfris, verander en voorberei vir 'n baie vervullende, vrugbare en lonende ervaring met God se Woord.

**- HOE OM HIERDIE BYBELSTUDIEGIDS TE GEBRUIK VIR MAKSIMUM IMPAK -**

- Lees en oordink hierdie artikel noukeurig. Bid die gebede en sê die belydenisse daagliks hardop en dit sal verseker dat die resultate van God se Woord wat jy spreek, geskied in jou lewe.

- Gaan deur die hele Bybel met die een- of splinternuwe tweejaar-Bybelleesplan.

- Jy kan ook die daaglikse Bybelleesstukke in twee verdeel vir soggens en saans.

- Gebruik die Bybelstudiegids om biddend jou doelwitte vir elke maand neer te skryf en meet jou sukses soos jy een doelwit na die ander bereik.

Ons nooi jou om God se glorieryke teenwoordigheid en oorwinning heeljaar lank te geniet terwyl jy 'n daaglikse dosis van God se Woord neem! Ons is lief vir julle almal! God seën julle!

*-Pastor Chris Oyakhilome*

## PERSOONLIKE INLIGTING

Naam:

Huisadres:

Huistelefoon:

Selfoon:

E-posadres:

Besigheidsadres:

**DOELWITTE VIR DIE MAAND**:

# Rapsodie van Realiteite

**...'N DAAGLIKSE OORDENKING**

www.rhapsodyofrealities.org



SATERDAG **1**

# GEBRUIK WAT JY HET

***maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom… (Handelinge 1:8).***

Vir jou is Handelinge 1:8 nie meer ʼn belofte nie, maar jou huidige werklikheid. Die Heilige Gees in jou beteken krag in jou, goddelike vermoë om verandering te bewerk en resultate voort te bring. Daarom, hou op om buite jouself te soek na wat reeds binne-in jou is. Moenie God vir krag vra of op Hom wag om iets aan jou saak te "doen" nie; gebruik wat jy het!

Jou woorde het krag. Wat jy ook al sê, sal gebeur (Markus 11:23). Daarom, weier om as ʼn slagoffer te leef; jy is vol krag: ***"Ek daarenteen is vol krag, mét die Gees van die Here, en reg en heldemoed..."*** (Miga 3:8). Word bewus van wie jy is en van die krag wat in jou en tot jou voordeel werk.

Dink aan die getuienis van Broer Andrew, ʼn Christelike sendeling wat tydens die Koue Oorlog in die geheim Bybels na kommunistiese Oos-Europa en die Sowjetblok vervoer het. Wanneer hy deur grensposbeamptes gekonfronteer is, het hy nooit paniekerig geraak of uit vrees gebid nie. Hy het dikwels ʼn eenvoudige maar vrymoedige gebed gebid: "Here, in my bagasie het ek die Skrif wat ek na u kinders wil neem. Toe U op die aarde was, het U blinde oë laat sien; nou bid ek, maak siende oë blind."

Die wagte het gekyk, maar die Bybels nie gesien nie, en in sommige gevalle het hulle hom selfs gehelp om hulle


*To keep getting Rhapsody of Realities, order on*
*www.rhapsodyofrealities.org or call +234 201 888 8186*

die land in te kry. Leer ook uit die voorbeeld van Elisa. Toe sy dienaar gebewe het oor die leër wat hulle omsingel het, het Elisa nie uitgeroep: "O God, stuur krag" nie. Sy gebed was vir sy dienaar se insig, dat die jongman se oë geopen sou word om die leër van God te sien wat hulle omring en beskerm het teen die vyande.

Hou op om God te vra vir wat Hy reeds beskikbaar gemaak het. Wandel eerder in sy waarheid, in die openbaring van jou identiteit en erfenis in Christus. Moenie bid asof die hemel iets van jou terughou nie. "Stuur krag neer, o Here; Gees van die Here, kom af en help my!" Nee! Hy het dit reeds in Christus gedoen. Die krag van God, deur die Heilige Gees, is vandag in jou.

Daardie krag word werksaam deur jou erkenning en verkondiging daarvan. Jy is nie hulpeloos nie; jy is met krag toegerus; gebruik wat jy het. Spreek die Woord met vrymoedigheid, handhaaf jou heerskappy en openbaar die heerlikheid van God oral.

## GEBED

**Ek dank U, dierbare Vader, vir die krag van die Heilige Gees in my. Ek wandel in die bewustheid van hierdie krag en spreek u Woord met vrymoedigheid, omdat ek weet dat u vermoë deur my werk. Ek weier om in onkunde of vrees te leef; ek oefen heerskappy uit en openbaar u heerlikheid in elke situasie, in die Naam van Jesus. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Efésiërs 1:19-20 AMPC; 2 Timótheüs 1:7;
Efésiërs 3:20

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 6:1-14 & Psalms 56-59

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Efésiërs 5:1-8 & Jesaja 52





# UIT GELOOF TOT GELOOF

***Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe* (Romeine 1:17).**

Verstaan dit: die lewe waartoe jy geroep is, is ’n lewe van geloof, van begin tot einde. Dit is nie iets wat jy aanskakel wanneer daar ’n behoefte is nie; dit is jou daaglikse wandel. Jy is daarin gebore. Die oomblik toe jy wedergebore is en die geregtigheid van God geword het, het jy ’n lewe begin wat deur geloof onderhou, uitgeleef en bevorder word. Dit is jou natuur.

Sommige mense verstaan verkeerd wat dit beteken om deur geloof te leef. Dit beteken nie om ledig te sit, niks te doen en te verwag dat dinge sal gebeur nie. Dit is nie geloof nie. Geloof is aktief. Geloof bring optrede voort. Geloof reageer op die Woord.

Wanneer die Bybel sê dat die regverdige uit die geloof sal lewe, beteken dit dat die regverdiges hulle lewens volgens die Woord van God rig en nie op grond van sintuiglike waarneming nie—wat jy sien, voel of hoor. Jy beskou alles vanuit die standpunt van die Woord. Dit is om deur geloof te leef. Jou uitkyk, jou keuses en jou optrede

word deur die Woord bepaal.

Geloof dryf jou om in ooreenstemming met God se waarheid op te tree, ongeag die omstandighede. Geloof sluit ook nie verantwoordelikheid uit nie. Die Woord leer ywer en produktiwiteit. Geloof maak jou nie lui nie; dit maak jou doeltreffend. Dit is waarom Jakobus oor geloof en werke gepraat het—ooreenstemmende optrede: ***"Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood"*** (Jakobus 2:17).

Jy is die geregtige, en die geregtige leef deur geloof. Daarom, hou aan om jou geloof te laat groei deur meer van God se Woord te leer en dit toe te pas. Die Christelike lewensreis is uit geloof tot geloof, van genade tot genade, en van heerlikheid tot heerlikheid. Halleluja!

## GEBED

**Geregtige en Heilige Vader, ek dank U dat U my u geregtigheid gemaak het en vir die lewe van geloof wat U aan my gegee het. Ek wandel in die lig van u Woord en neem besluite en tree op volgens u waarheid. My geloof bring resultate voort; ek openbaar vandag, oral, u heerlikheid, in die Naam van Jesus. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

2 Korinthiërs 5:7; Hebreërs 11:6; Jakobus 2:17 AMPC

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 6:15-7:1-6 & Psalms 60-63

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Efésiërs 5:9-16 & Jesaja 53



MAANDAG **3**

# OEFEN JOUSELF IN DIE WOORD

***Leer om jou beproef voor God te stel, 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg verdeel (2 Timoteus CAB 2:15).***

Daar is ‘n roeping vir groei in jou wandel saam met God, ‘n roeping om sterker, meer gevestig, en onwrikbaar in die Woord, en vrymoedig in die uitleef van jou geloof. Daardie groei gebeur nie deur kans nie; dit kom deur doelbewuste oefening in die Woord.

2 Timoteus 3:16 sê: ***“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid…”*** Gee jouself konstant aan die Woord oor tot dit jou gedagtes vorm en jou reaksies kondisioneer: ***“Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe…”*** (Romeine 12:2).

Die enigste materiaal wat God aan ons gegee het om ons lewens te bou en ons denke te vernuwe, is die Woord van God. Die Here Jesus het dit verder geïllustreer in Lukas 6:47-48: ***“Hy is soos 'n man wat 'n huis gebou en diep gegrawe en die fondament op 'n rots gelê het; en toe die vloed opkom, het die stroom hewig teen daardie huis geslaan en dit nie kon skud nie, want dit was op 'n rots gegrond.”***

Wanneer jy jouself oorgee aan die Woord, lewe jy bo omstandighede. Jy word nie beweeg of ontsteld deur uitdagings nie. Maak nie saak wat gebeur nie, jy reageer nie met vrees nie maar met die Woord. Jy spreek met die

situasie en verander dit. Jy oefen beheer uit. Dit is hoekom jy jou hart met die Woord moet vul, want uit daardie oorvloed sal jou mond spreek.

Wanneer die Woord jou gees versadig, word geloof jou outomatiese reaksie. Dit herinner my aan een van William Branham se getuienisse. 'n Jong man se liggaam, verskriklik vermink in 'n verwoestende ongeluk, is na hom toe gebring. Sonder enige paniek het hy die gebroke liggaam vasgehou, dit beveel om na sy normale toestand terug te keer—en dit het. Dít is die lewe waartoe jy geroep is om te leef.

Oefen jouself in die Woord en daar sal geen plek vir vrees in jou wees nie: ***" Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing"*** (2 Timoteus 1:7). Kolossense 3:16 verklaar: ***"Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid…"*** Met die Woord in jou, sal jy altyd met selfvertroue optree, en omstandighede domineer.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir u Woord wat my ophou en oplei vir 'n lewe van heerskappy. U Woord versadig my gees en produseer altyd geloof, vrymoedigheid en oorwinning. U Woord is vrugbaar en kragtig in my. Dit seëvier oor elke omstandigheid terwyl ek dit met my mond bely, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Josua 1:8 AMPC; 2 Timótheüs 3:16-17; Hebreërs 5:12-14

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 7:7-25 & Psalms 64-67

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Efésiërs 5:17-24 & Jesaja 54



DINSDAG 4

# MOENIE PROBEER OM TE WORD NIE

***Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word... (Hebreërs 10:14).***

Baie mense benader die Christelike lewe as 'n proses van "wording": hulle probeer in geregtigheid groei, streef daarna om volmaaktheid te bereik en werk na 'n "heerlike lewe" wat hulle glo nog voorlê. Maar die Evangelie skets 'n ander prent. Jy probeer nie geregtig word nie; jy is geregtig. Jy werk nie na volmaaktheid toe nie; jy is reeds volmaak in Christus. Jy strewe nie om die lewe van God te hê nie; jy het dit nou. Jy moet daarom jou denke in lyn bring in ooreenstemming met God, want twee kan nie saamloop as hulle nie in 'n ooreenkoms is nie.

Christenskap is nie 'n reis na 'n onsekere bestemming nie; dit is die openbaring van wat reeds vir jou, in jou, en deur jou in Christus Jesus volbring is. Die oomblik wat jy wedergebore is, is jy ingesluit in die voltooide verlossingswerk van Christus. Die Woord sê: ***"Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word."***

Die struweling wat baie ervaar, kom van probeer om te word wat God hulle reeds gemaak het. Maar die Bybel sê: ***"Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing"*** (1 Korintiërs 1:30). Christus is jou geregtigheid. Hy is jou heiligmaking. Hy is jou wysheid. Geseënd is God!

Oorweeg die diepgaande waarheid wat die Gees deur apostel Johannes geopenbaar het: ***"Geliefdes, nou is ons kinders van God"*** (1 Johannes 3:2). Ons probeer nie kinders

van God word nie, ons is reeds, en ons voer heerskappy in die lewe (Romeine 5:17). Die wêreld behoort aan ons, want ons is mede-erfgename met Christus (Romeine 8:17).

Deur dit te verstaan, behoort dit hoe jy leef te verander. Moenie die lewe benader van 'n plek van gebrek of tekort nie maar met die denkwyse van oorvloed, volledigheid, dominansie en krag. Moet nie worstel om God se welgevalligheid te soek nie; stap in die realiteit dat jy reeds in Christus aanvaar is. Wanneer jy dit verstaan; word jou geloof vrymoedig en effektief. Jy spreek met sekerheid, handel met vertroue en lewe met versekering want jy weet dat alles joune is (1 Korintiërs 3:21).

Dit is die krag van die Evangelie: jy probeer nie om enige iets te word nie; jy leef uit wat God jou reeds gemaak het. Jy leef die lewe wat Hy vir jou gegee het. Hy het ons deelgenote gemaak van die Goddelike-tipe (2 Petrus 1:4). Hy het jou geseën met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus Jesus (Efesiërs 1:3). Lewe met hierdie bewustheid, en jou lewe sal die glorie, geregtigheid, en die heerskappy van Christus reflekteer.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank u dat U my geregtig, volmaak en volkome in Christus gemaak het. Ek lewe met die bewustheid van wie ek in Hom is, en my lewe is 'n onophoudelike stroom van seëninge en wonderwerke, terwyl ek in die lewe heers en u goddelike natuur in my openbaar, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

2 Petrus 1:4; Efésiërs 1:3; Kolossense 2:10

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 8:1-17 & Psalms 68-69

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Efésiërs 5:25-33 & Jesaja 55





# LEWE DEUR DIE SEUN—JESUS CHRISTUS

***En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun (1 Johannes 5:11).***

Die ewige lewe is nie ‘n abstrakte idee nie, en dit is ook nie iets wat vir die toekoms gereserveer is nie. Dit is geleë, omskryf en word op een plek ervaar—die Seun van God, Jesus Christus. Let op die taal van die Gees; dit is doelbewus, noukeurig en volkome. Hy het nie gesê dat God vir ons die ewige lewe sal gee nie, maar dat Hy reeds die ewige lewe aan ons gegee het.

Dan gaan Hy verder: ***"Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie"*** (1 Johannes 5:12 AFR53). Dit is onbetwisbaar. Dit is nie ‘n kwessie van mening, agtergrond of menslike verbondenheid nie. Die bepalende faktor is eenvoudig: Het jy die Seun? As jy het, dan het jy die ewige lewe.

Vers 13 openbaar verder die bedoeling van die Gees: dit is vir jou om te weet, nie aan te neem, te hoop of te spekuleer dat jy die ewige lewe het nie: ***"Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het"*** (AFR53).

Die ewige lewe is nie bloot ‘n eindelose voortbestaan

nie; dit is die lewe en natuur van God geskenk aan jou gees by die wedergeboorte. Hierdie lewe vervang die menslike lewe waarmee jy uit jou ouers gebore is; dit bestaan nie daarmee saam nie. Daarom het die Here Jesus gesê dat jy wedergebore moet word (Johannes 3:7). Jy is nie verbeter nie; jy is nuut geskape.

As hierdie lewe werklik in jou is, dan moet dit tot uiting kom. Die ewige lewe het die vermoë om lewe voort te bring. Daarom kan jy bo siekte, vrees en die elemente van hierdie wêreld leef. Jy is nie uit bloed, of uit die wil van die vlees, of uit die wil van 'n mens gebore nie; jy is uit God gebore (Johannes 1:13); jy word deur die goddelike lewe lewend gemaak. Wanneer jy met hierdie bewustheid leef, sal jy bo die gewone uitstyg en die buitengewone lewe van God openbaar.

## GEBED

**Liewe Vader, dankie dat U die ewige lewe aan my gees geskenk het en my 'n deelgenoot van die goddelike natuur gemaak het. Ek leef met die bewustheid van hierdie goddelike lewe in my en gee uitdrukking aan u natuur, openbaar u heerlikheid en wandel in heerskappy oor omstandighede. Ek wandel in die werklikheid van wie ek is in Christus, en maak 'n impak op my wêreld met u goddelike lewe in my, in die Naam van Jesus. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Johannes 3:16 KJV; 1 Johannes 5:12-13 KJV;
Johannes 10:10 NIV

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 8:18-39 & Psalms 70-73

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Efésiërs 6:1-9 & Jesaja 56



DONDERDAG **6**

# 'N VOLLE BEWUSTHEID

***Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God… (1 Johannes 5:13).***

In ons vorige studie het ons geleer van die getuienis, die getuie, die onmiskenbare bewys dat God vir ons die ewige lewe gegee het, en dat "hierdie lewe" in die Seun is. Elkeen wat die Seun het, het die lewe. In vandag se studie sien ons iets besonders van God se bedoeling: Hy wil hê dat jy met volle bewustheid moet weet dat jy die ewige lewe het.

Daardie bewustheid is noodsaaklik, want wanneer jy van 'n waarheid bewus is, leef en handel jy daarvolgens. Daarom behoort jy met volle sekerheid te weet dat jy die lewe het, nie eers wanneer jy in die hemel kom nie, maar NOU! Daar is 'n verskil tussen om iets te besit en om daarvan bewus te wees. Jy kan 'n werklikheid besit, maar tog nie die volle seën daarvan ervaar nie, omdat jy nie daarvan bewus is nie.

Dink daaroor: as iemand vir jou sê dat iets uiters warm is, sal jy dit versigtig hanteer selfs sonder om daaraan te raak. Daardie bewustheid beïnvloed jou optrede. Net so verander dit hoe jy dink, hoe jy praat en hoe jy leef wanneer jy daarvan bewus word dat jy die ewige lewe het.

Jy is nie 'n mens wat probeer om die goddelike lewe te verkry nie; nee, jy is goddelik gebore omdat jy uit God

gebore is: ***"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is"*** (Johannes 1:12-13). Dit help jou om te verstaan waarom Hy deur die Psalms digter gesê het: ***"Ek self het gesê: Julle is gode, en julle is almal seuns van die Allerhoogste…"*** (Psalm 82:6).

Gryp hierdie waarheid aan. Weier om meer bewus te wees van die menslike lewe wat onderworpe is aan vrees, beperkings en die elemente van hierdie wêreld. Die Woord sê: ***"waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is"*** (2 Petrus 1:4). Die lewe in jou is die verhewe lewe. Wanneer jy daarvan bewus is, sal jou lewe die bewys van die werklikheid daarvan wees. Jy sal die Goddelike lewe natuurlik, moeiteloos en voortdurend openbaar.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir my ewige lewe in Christus Jesus. Ek leef met die bewustheid dat ek nou reeds die ewige lewe het, en ek wandel elke dag in hierdie werklikheid. Die ewige lewe in my bring oorwinning, uitnemendheid en heerskappy in Christus Jesus voort. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

1 Johannes 5:11-13 NIV; Johannes 5:24;
Kolossense 1:27 NIV

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 9:1-29 & Psalms 74-77

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Efésiërs 6:10-20 & Jesaja 57




VRYDAG 7

# DIE WESENLIKE BETEKENIS VAN DIE WEDERGEBOORTE

***Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my… (Galasiërs 2:20).***

Die wedergeboorte is nie bloot ʼn morele verbetering of ʼn geestelike opgradering van die menslike lewe nie; dit is die oordra van ʼn nuwe lewe wat die ou lewe vervang. Die Christelike lewe gaan nie daaroor om die natuurlike mens te verfyn nie; dit gaan oor die ontvangs van die goddelike lewe wat die menslike lewe vervang.

Die Here Jesus het dit baie duidelik gestel: ***"Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie"*** (Johannes 3:7). Om wedergebore te word, beteken om ʼn nuwe oorsprong te ontvang. Dit is die geboorte van ʼn nuwe skepping. Die lewe wat jy in Christus ontvang het, bestaan nie langs die menslike lewe waarmee jy gebore is nie; dit vervang dit.

Daarom verklaar die apostel Paulus: ***"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my."*** Die ou identiteit, wat deur die menslike lewe onderhou is, het tot ʼn einde gekom. Nou is die lewe wat in jou werk, die lewe van God: ***"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun"*** (1 Johannes 5:11).

Jy het nie twee nature wat langs mekaar funksioneer



***Share your inspiring testimony on***
***www.rhapsodyofrealities.org/abilliontestimonies***

nie. Jy het een natuur—die goddelike natuur—omdat die vorige lewe vervang is. Dit stem ooreen met 2 Korintiërs 5:17: ***"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."***

Baie mense leef onder die vlak van hierdie waarheid omdat hulle meer bewus is van hul menslike lewe as van die goddelike lewe wat binne hulle is. Maar wanneer jy verstaan dat die lewe van God in jou die ou lewe vervang het, verander jou manier van dink. Jy benader die lewe nie meer as ʼn gewone mens nie; jy leef vanuit jou goddelike natuur en wandel in geregtigheid, heerskappy en oorwinning sonder moeite.

Dit is die kern van die wedergeboorte—God in jou, wat Homself volkome, natuurlik en voortdurend deur jou openbaar.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die werklikheid van my nuwe lewe in Christus. Ek verheug my daarin dat die menslike lewe deur u goddelike lewe in my vervang is. Ek leef in die bewustheid van hierdie waarheid, openbaar u natuur, wandel in geregtigheid en laat u heerlikheid deur my lewe sigbaar word, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Johannes 3:6-7; 2 Korinthiërs 5:17; Kolossense 3:9-10

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 9:30-10:1-21 & Psalms 78

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Efésiërs 6:21-24 & Jesaja 58





# KRAG OM LEWE OOR TE DRA

***Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen… (Johannes 14:12).***

Toe God aan jou die ewige lewe gegee het, het Hy nie iets sluimerend of passief aan jou gegee nie; Hy het aan jou ʼn lewe gegee wat binne homself lewe dra—ʼn lewe wat homself voortplant en openbaar. Die Here Jesus het in Johannes 5:26 iets gesê wat die verstand te bowe gaan: ***"Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê."***

Dit is waarom Jesus ewige lewe kon gee. Die ewige lewe is die lewe en natuur van God self, en daarin lê die vermoë om daardie lewe aan ander oor te dra. Let op die woorde van die Here Jesus: ***"…hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf,…op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word"*** (Markus 16:17–18).

Waarom is dit moontlik? Omdat jy die ewige lewe uitstraal en openbaar. Die lewe van Christus word in en deur jou geopenbaar. Jy is ʼn lewegewer. Die apostel Paulus het dit verstaan toe hy gesê het: ***"Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak***

***van die wet van die sonde en die dood"*** (Romeine 8:2). Daardie lewe in jou is verhewe bo siekte, die dood en elke mag wat daarteen staan. En omdat dit in jou is, kan dit deur jou vloei.

Jy kan lewe oordra deur jou woorde, deur vir mense hande op te lê en deur jou dade. Jy is ʼn draer en ʼn deler van die ewige lewe. En wanneer jy bewustelik daardie lewe vrystel, sal jy sien hoe die krag daarvan werk en genesing, bevryding en verandering bring aan die mense rondom jou.

## BELYDENIS

**Ek het die lewe van God in my, en dit is aktief en vloei selfs nou deur elke vesel van my wese. Daardie lewe raak alles rondom my aan en bring genesing, bevryding en verandering vir baie mense. Ek wandel met vrymoedigheid en openbaar die heerlikheid van God. Ek is ʼn lewegewende gees wat oral waar ek gaan die lewe van God uitdra, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Markus 16:17-18; Mattheüs 10:7-8 NIV; Handelinge 1:8

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 11:1-24 & Psalms 79-81

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 1:1-8 & Jesaja 59



SONDAG **9**

# JY HET NIE TWEE NATURE NIE

***Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel: die ou dinge het verbygegaan; kyk, alles het nuut geword (2 Korintiërs 5:17 CAB23).***

Een van die belangrikste waarhede oor die wedergeboorte is dit: jy het nie twee nature nie. Jy is nie gedeeltelik mens en gedeeltelik goddelik nie. Die Bybel is duidelik: die ou dinge het verbygegaan, alles het nuut geword. Dit sluit die ou natuur in. Die Bybel sê: ***"Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees"*** (Jakobus 1:18).

Jy is werklik uit God gebore. Die lewe wat jy van Hom ontvang het, is nie tot jou menslike lewe bygevoeg nie; dit het dit vervang. Daarom het die Here Jesus gesê: ***"Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees"*** (Johannes 3:6). Jou oorsprong het verander. Die Wedergeboorte het jou oorgeplaas van die dood na die lewe. Halleluja!

Die apostel Paulus druk hierdie werklikheid kragtig uit: ***"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my…."*** (Galasiërs 2:20). Die "Ek" wat deur die ou lewe in stand gehou is, is beëindig. Wat jy nou het, is die lewe van Christus in jou. Die idee dat 'n Christen twee nature het, stel voor dat daar 'n voortdurende innerlike konflik tussen teenstrydige nature binne een

en dieselfde persoon, is. Maar dit is nie die beeld wat die Skrif aanbied nie.

Die Woord sê: ***"Om dit te weet, dat ons oue mens saam met Hom gekruisig is,…"*** (Romeine 6:6 CAB23). Let op dat daar nie staan: "Ons ou mens word gekruisig" nie; die enigste proses wat voortduur, is die vernuwing van jou denke: ***"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.…"*** (Romeine 12:2 AFR83).

Jou gees is reeds herskep in geregtigheid en ware heiligheid (Efesiërs 4:24). Jy het nou deel aan die goddelike natuur (2 Petrus 1:4). Hou op poog om 'n ou natuur wat nie bestaan nie, te onderdruk. Galasiërs 5:24 (AFR83) sê: ***"Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig."*** Moet dus nie worstel om geregtig te wees nie; leef geregtig, want dit is wie jy is.

Leef in die bewustheid van hierdie waarheid en jou lewe sal voortdurend die heerskappy en uitnemendheid van Christus uitbeeld.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U dat U my in Christus herskep het. Ek het nie twee nature nie; ek het u goddelike natuur in my. Ek leef in die werklikheid van wie ek is, en ek leef elke dag geregtigheid, heerskappy en uitnemendheid uit, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Romeine 6:5-6; Efésiërs 4:22-24 NIV; 2 Petrus 1:4

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 11:25-36 & Psalms 82-84

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 1:9-14 & Jesaja 60



MAANDAG **10**

# GEE UITING AAN JOU GELOOF

***Want met die hart glo mens tot geregtigheid; en met die mond word tot redding bely (Romeine 10:10 CAB23).***

Geloof is nie passief nie; dit is iets wat jy beoefen. As jy nie volgens jou geloof handel nie, sal dit nie werk nie. Geloof is meer as net "glo," moet dus nie ophou glo nie. Die Woord wys vir ons dat geloof uit die hart kom, maar daar moet 'n doelbewuste uitspreking wees: met die mond word belydenis tot redding gemaak.

Daar sal geen redding wees totdat jy jou geloof uitspreek nie. En redding is veel meer as net verlossing van sonde. Dit omsluit al die seëninge wat die dood, begrawing en opstanding van Jesus Christus vir ons voltrek het. So wanneer jy die waarheid van God se Woord ontvang, moet jy nie wag vir omstandighede om in lyn te kom voordat jy daarvolgens optree nie. Reageer onmiddellik.

Gee uiting aan jou geloof deur jou gedagtes, jou woorde en jou aksies in lyn te bring met wat God gesê het. God se Woord sê vir jou wie jy is, wat jy het, en wat jou vermoë in Christus is; tree daarvolgens op en moenie wag vir sintuiglike bevestiging nie. Die Bybel sê: ***"... want ons leef deur te glo en nie deur te sien nie"*** (2 Korintiërs 5:7 NLV).

Dit beteken jou lewe word nie bepaal deur wat jy in die natuurlike sien, voel of ervaar nie; dit word bepaal deur wat jy glo, en geloof moet beoefen word. As die Woord sê dat jy die ewige lewe het, leef dan soos iemand wat die

ewige lewe besit. As dit sê dat jy die wêreld oorwin het, dan funksioneer jy vanuit daardie posisie van oorwinning.

Die Woord sê jy is die geregtigheid van God in Christus Jesus; maak dit jou konstante belydenis. Geloof word uitgedruk deur woorde en dade. Moenie met gevoelens of omstandighede onderhandel nie; vestig die Woord. Bevestig jou geloof. Sommige mense erken die Woord, maar pas dit nie toe nie. Maar geloof werk deur uitdrukking.

Jakobus 1:22 (CAB23) stel dit duidelik: ***"Maar wees daders van die woord en nie alleen hoorders nie, ...."*** Om die Woord te doen, is om jou geloof in die praktyk toe te pas en uitdrukking aan jou geloof te gee. Dit bring die werklikheid van die Woord tot openbaring in jou lewe. Dit versterk jou geloof om groter resultate te lewer. Dit beteken nie dat jy probeer om God se Woord te bewaarheid nie; dit is reeds waar. Jy bring jouself bloot in lyn met die Woord en laat toe dat die krag daarvan in jou lewe geopenbaar word.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir u Woord wat my geloof opbou en my lewe rig. Ek gee vandag uiting aan my geloof deur my gedagtes, woorde en dade in lyn te bring met u Woord. Ek wandel deur geloof, en nie deur sig nie, en ek sien u Woord voortdurend resultate in my lewe lewer, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Jakobus 1:22-25; Hebreërs 11:1; Markus 11:23

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 12:1-16 & Psalms 85-88

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 1:15-22 & Jesaja 61



DINSDAG **11**

# BO DIE ELEMENTE VAN HIERDIE WÊRELD

***Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte. (Kolossense 2:20 AFR83).***

As ‘n kind van God is jy nie onderworpe aan die elemente van hierdie wêreld nie. Dit is nie blote retoriek nie; dit is die openbaring van jou natuur en posisie in Christus. Die Bybel sê jy is saam met Christus dood vir die grondbeginsels, die basiese beginsels van hierdie wêreld. Dit beteken hulle heers nie oor jou nie; jy heers oor hulle.

Onthou altyd dat jy, omdat jy wedergebore is, nie van hierdie wêreld is nie. Jy is verhewe bo Satan en die verlammende invloede van hierdie wêreld. Jy is nie onderworpe aan dieselfde beperkinge as dié van nie-wedergeborenes nie. Daar is ‘n hoër wet waarvolgens jy leef; die wet van die Gees van lewe, en dit is verhewe bo die natuurwette van hierdie wêreld.

Wanneer jy byvoorbeeld gekonfronteer word met strawwe weersomstandighede, is die natuurlike reaksie van die mens om toe te gee en te sê: “Dit is te koud” of “Dis onuitstaanbaar warm,” en dan pas jy jou aan by daardie natuurlike elemente. Maar geloof reageer anders. Jy styg bo dit uit. Jy verklaar jou heerskappy oor die elemente van hierdie wêreld.

Wanneer jy met 'n ongunstige toestand in jou gesondheid of finansies gekonfronteer word, moet jy dit nie as finaal aanvaar nie. Moenie volgens die voorspellings van die sogenaamde ekonomiese en mediese kundiges leef nie. Reageer liewer op grond van die Woord van God. Die Woord van God is die heersende beginsel van die goddelike lewe in jou; dit oorskryf die natuurwette en elemente van hierdie wêreld.

Die apostel Johannes bevestig: ***"Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin…"*** (1 Johannes 4:4). Tree volgens die Woord op. Weier om deur natuurlike situasies beperk te word. Jy hoef nie hul bestaan te ontken nie, maar jy moet hul gesag oor jou verbied. Die Here Jesus het gesê: ***"... hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin"*** (Johannes 16:33).

Hy het die wêreld, sy stelsels en elemente oorwin. En jy was in Hom toe Hy dit gedoen het. Wandel in hierdie bewustheid en openbaar te alle oorwinning, heerskappy en uitnemendheid oor die stelsels, strukture en elemente van hierdie wêreld.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die lewe van oorwinning wat U my in Christus gegee het. Ek is nie onderworpe aan die elemente van hierdie wêreld nie, want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus werk in my. Ek wandel in heerskappy en oefen gesag uit oor omstandighede, stelsels, strukture en die beginsels van die hedendaagse wêreld, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Kolossense 2:20 DNT; Galásiërs 4:3-4;
Galásiërs 6:14 NIV

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 12:17-13:1-14 & Psalms 89

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 1:23-30 & Jesaja 62





# AS JY JESUS HET, HET JY LEWE

***En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is in sy Seun (1 Johannes 5:11).***

Christenskap is die openbaring van 'n werklikheid wat reeds bestaan: Christus in jou; sy lewe, heerlikheid, geregtigheid, wysheid, heerskappy en genade wat in en deur jou geopenbaar en sigbaar gemaak word. Dit is werklik. Christenskap is nie 'n godsdiens nie. Dit is God se eie lewe en natuur wat in Christus aan jou oorgedra is en deur die krag van die Heilige Gees uitgeleef word.

Hierdie lewe is nie iets wat jy eers sal ontvang wanneer jy in die hemel kom nie. Die apostel Johannes stel dit as 'n huidige waarheid in ons openingsvers: ***"God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is in sy Seun."*** Dan gaan hy voort in die 12de vers: ***"Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie."*** Dit is absoluut.

Jy kan nie op enige ander manier die ewige lewe verkry nie. As jy Jesus het, het jy dit. Lees sy woorde in Johannes 17:3: ***"En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is."*** Hy het vroeër in Johannes 5:24 gesê: ***"Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan."***

Toe het Hy in die 26ste vers 'n uiters diepsinnige verklaring gemaak: ***"Soos die Vader die lewe in Homself***



*Subscribe to the Rhapsody of Realities app, available on rhapsodyofrealities.org, Apple App Store, and Google Play*

***het, het Hy die lewe ook aan die Seun gegee om dit in Homself te hê."*** Dit help om te verstaan waarom Jesus self die ewige lewe is, en die enigste Een wat dit kan gee: ***"...'En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die ware God te ken; en ons is in die ware God, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe"*** (1 Johannes 5:20).

Onthou sy woorde in Johannes 14:6: ***"...Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."*** Omdat jy wedergebore is, het jy deur Jesus Christus na die Vader gekom en sy lewe ontvang. Wees daarom voortdurend bewus van sy goddelike lewe in jou (1 Johannes 5:13). Laat dit verder strek as blote leerstellings – laat dit oorgaan in bewustheid en ervaring. Dit is die ewige lewe wat jou laat triomfeer oor Satan en die beperkings van hierdie wêreld. Dit gee jou die vermoë om bo sonde, siekte en die dood uit te leef, en om vanuit God te lewe in plaas daarvan om te probeer om Hom te bereik.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die werklikheid van die ewige lewe in my. Ek leef nie volgens aannames nie, maar volgens die waarheid van u Woord. Ek wandel in die bewustheid van hierdie goddelike lewe, terwyl ek u natuur uitdruk en u heerlikheid, geregtigheid, genade en waarheid openbaar, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

1 Johannes 5:11-13; Kolossense 1:26-27 NIV;
1 Johannes 5:20 NIV

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 14-15:1-4 & Psalms 90-93

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 2:1-11 & Jesaja 63





# DIE STREWE NA GODDELIKE KENNIS

***Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny (2 Timotheus 2:15).***

Wanneer jy in Christus kom, word jy bekendgestel aan goddelike werklikhede soos die ewige lewe, geregtigheid, jou identiteit in Hom, ensovoorts. Maar hierdie werklikhede moet bestudeer en verstaan word, en moet dan bewustelik geleef word. Dit word nie outomaties deel van jou ervaring bloot omdat jy daarvan gehoor of gelees het nie. Jy moet die Skrif bestudeer om meer te wete te kom.

Daar rus 'n verantwoordelikheid op jou om die waarheid te soek, te verstaan en daarvolgens te lewe, en die Woord van God is die waarheid (Johannes 17:17). Die Bybel sê: ***"'Kom ons wy ons aan Hom toe, kom ons streef daarna om ons aan die Here toe te wy. Die Here sal verskyn, so seker as die son opkom, Hy sal na ons toe kom soos stortreën, Hy sal ons verkwik soos lentereëns die grond verkwik"*** (Hosea 6:3). Geen wonder dat die apostel Paulus gebid het: ***"...dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken"*** (Efesiërs 1:17).

Dit wys dat die kennis van God en sy waarhede 'n voortdurende proses is. Daar is diepte, en jy moet die Skrif voortdurend ondersoek, soos die Here gesê het: ***"'Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry"*** (Johannes 5:39). Oorweeg die belangrikheid van die ewige lewe. Die Bybel sê: ***"...God het ons die ewige lewe gegee..."*** (1 Johannes 5:11).

As dit die lewe is wat jy ontvang het, is dit noodsaaklik

om dit te verstaan – hoe dit funksioneer en hoe om dit te leef. Dieselfde geld vir geregtigheid. Die Woord verklaar: ***"Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees"*** (2 Korintiërs 5:21). Dit is diepgaande werklikhede wat vanuit God se perspektief bestudeer, verstaan en uitgeleef moet word.

Die Christendom roep jou tot diepte, kennis, begrip en toepassing. Jy volg nie bloot aannames nie; jy groei en leef bewustelik volgens die Woord van God. Wanneer jy die Woord bestudeer, versamel jy nie net inligting nie, maar ontdek jy wie jy is. Jy bou jou gees op. Jy ontdek die lewe in jou en leer hoe om binne die werklikhede van die Koninkryk te funksioneer.

Dit neem onsekerheid weg, skakel verwarring uit en vestig jou in God se waarhede. Jy word vol vertroue, doeltreffend en produktief in jou wandel met Hom. Gaan daarom verder as blote sintuiglike kennis en 'n oppervlakkige begrip van God se Woord. Doen 'n grondige studie. Lewer die volle bewys van die lewe wat God aan jou gegee het deur meer daaroor te wete te kom, dit te verstaan en dit elke dag uit te leef.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die voorreg om U deur u Woord te ken. Soos ek dit bestudeer, skenk U my insig, begrip en openbaring. Ek groei in die kennis van die ewige lewe, geregtigheid en my identiteit in Christus, en ek wandel in die volheid van die seëninge van die Evangelie, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Efésiërs 1:17-18; Hoséa 4:6; 2 Petrus 3:18

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 15:5-13 & Psalms 94-98

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 2:12-18 & Jesaja 64



VRYDAG 14

# JY IS 'N GEESWESE



***En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! (1 Tessalonisense 5:23).***

Om doeltreffend as 'n Christen te lewe, moet jy jou ware aard en identiteit verstaan. As jy jouself slegs definieer aan die hand van wat jy in die spieël sien of wat jy in jou liggaam voel, sal jy tot die natuurlike sfeer beperk wees. Maar die Woord openbaar iets diepers: jy is 'n geeswese, geskape na die beeld van God, wat in 'n liggaam leef en jouself deur 'n siel uitdruk.

Dit is fundamenteel om jou lewe in Christus te verstaan. Die Bybel sê: ***"…soos die liggaam sonder gees dood is…"*** (Jakobus 2:26). Die ware jy is die gees. Die liggaam is die huis waarin die gees woon. Wanneer die gees vertrek, hou die liggaam op om te funksioneer. Dit mag dalk nog in sy vorm volledig wees, maar dit is leweloos, omdat die ware mens – die gees – weg is.

Dit is waarom jy nie die lewe deur middel van jou sintuie moet benader nie; leef van binne na buite. Moenie probeer om God van buite af te bereik nie; tree met Hom in verbinding vanuit jou gees; deur jou gees leef jy vir Hom. Jesus het gesê: ***"Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees"*** (Johannes 3:6). Toe

jy wedergebore is, is jou gees herskep. Jy het nie 'n gees geword nie; jy was nog altyd 'n gees. Maar nou is jy 'n gees wat uit God gebore is, lewend deur die ewige lewe.

Die apostel Paulus bevestig ook: ***“Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede”*** (Romeine 8:6). Jou lewe is daarvoor ontwerp om vanuit die gees geleef te word, nie vanuit die sintuie nie. Baie mense worstel omdat hulle meer bewus is van hul liggaam as van hul gees; nee! Leef vanuit jou gees. Praat vanuit jou gees.

Jou gees ken God; dit is waar God se lig is, dit is waar die Heilige Gees woon. Jy is een gees met die Here. Die Bybel sê: ***“Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom”*** (1 Korintiërs 6:17). Leef met hierdie bewustheid. Jy is 'n geeswese, lewend deur die lewe van God. Openbaar daarom vandag sy natuur en die volheid van sy lewe in jou.

## GEBED

**Liewe Vader, U is groot en verdien baie lof; dankie vir die lewe van Christus in my. Ek is lewend vir U en vir die realiteite van die Koninkryk. Ek leef vanuit my gees en gee uitdrukking aan u lewe en natuur; daarom wandel ek in oorwinning, heerskappy en uitnemendheid, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Hebreërs 12:9; 1 Petrus 3:4; Johannes 3:6

### 1 JAAR BYBELLEES-PLAN

Romeine 15:14-33 & Psalms 99-101

### 2 JAAR BYBELLEES- PLAN

Filippense 2:19-30 & Jesaja 65





# BEWYS DIE LEWE IN JOU TEN VOLLE

***Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit* (2 Timoteus 4:5).**

In 1 Timoteus 6:12 het Paulus deur die Gees 'n merkwaardige vermaning gegee: ***"Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe…."*** Die ewige lewe is jou besitting in Christus Jesus, hier en nou. God het jou egter nie die ewige lewe gegee sodat dit bloot 'n leerstelling kan bly wat jy bely nie.

Hy wil eerder hê dat daardie lewe in en deur jou gemanifesteer word. Hy wil hê dat jy die goddelike lewe in jou ten volle moet bewys; dat jy dit na vore moet bring. Demonstreer dit. Laat dit in jou lewe sigbaar wees. Die lewe wat jy in Christus ontvang het, is nie sluimerend nie; dit reageer eerder op jou bewustheid en jou deelname.

Filemon 1:6 sê: ***"Dat die gemeenskap van jou geloof kragtig mag word deur die kennis van alles wat goed in julle is, tot eer van Christus Jesus."*** Erken kort-kort dat die lewe van God in jou is. Jou bewustheid of sekerheid daarvan bring vrymoedigheid voort – vrymoedigheid om op slange en skerpioene te trap en oor al die krag van die vyand te heers, in die wete dat niks jou hoegenaamd skade sal aandoen nie, net soos die Bybel sê. Jou woorde, jou dade en jou reaksies word die bewys dat die lewe in

jou werklik is.

Die Here Jesus het gesê: ***"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word"*** (Markus 16:17-18). Dit is van die bewyse of tekens wat dié vergesel wat die ewige lewe het.

Ons is oorwinnaars in Christus Jesus; altyd seëvierend, in alle dinge en op elke plek. Die lewe in jou bring genesing, bevryding en transformasie vir diegene in nood. Wanneer jy praat, verander dinge. Wanneer jy optree, word die goddelike lewe gemanifesteer. Dit is jou roeping: om die lewe van God so duidelik te openbaar dat dit onmiskenbaar word. En terwyl jy dit doen, word jou lewe 'n getuienis van sy krag, sy natuur en sy heerlikheid. Halleluja!

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die gawe van die ewige lewe in my. Ek maak vandag volle bewys van hierdie lewe deur u aard uit te druk, u krag te manifesteer en in heerskappy oor omstandighede te wandel. My lewe is 'n getuienis van u heerlikheid en geregtigheid, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Kolossense 1:27; 2 Korinthiërs 4:10-11; Galásiërs 2:20

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

Romeine 16:1-27 & Psalms 102-103

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 3:1-12 & Jesaja 66



SONDAG **16**

# JOU VERSTANDELIKE BIBLIOTEEK

***En toe Jesus merk wat hulle gedagtes was, sê Hy: Waarom bedink julle slegte dinge in julle harte? (Mattheus 9:4).***

Het jy geweet ons het baie meer verantwoordelikheid vir ons bestemming as wat baie mense besef? Wat in jou lewe gebeur, het baie te make met jou – jou besluite, jou woorde, jou gedagtes en die struktuur van jou denke. Baie van hoe jou lewe uitdraai, is die toedoen van jou denke.

Die Here Jesus het 'n baie treffende vraag in ons openingskrif gevra: "Waarom bedink julle slegte dinge in julle harte?" Daardie vraag gaan na die wortel van baie mense se uitdagings. Dit wat hulle bedink, is hul ondergang. Jy dink soos jy dink as gevolg van die inligting wat jy oor tyd ontvang of ingeneem het. Dit is jou verstandelike biblioteek – die "boeke" op die rak van jou denke.

Die gedagtes wat jy ingeneem het, die dinge waarna jy geluister het, en die idees wat jy aanvaar het, is wat jou lewe gevorm het. Jy is die produk van die inligting wat jy ingeneem het. Jy kan nie verder dink as wat jy konsekwent gehoor en op gemediteer het nie. Dit is hoekom meditasie op die Woord vir elke Christen so belangrik is. Benewens die verfyning en opheffing van jou denke, het dit oneindigende, onteenseglike welvaart en goeie sukses tot

gevolg (lees Joshua 1:8, 1Timoteus 4:15).

Sommiges sê hulle luister na die Woord, maar sonder om daarop te mediteer, neutraliseer hulle die impak daarvan met teenstrydige gedagtes en invloede. Die Here Jesus het gesê mense ontneem die Woord van God sy gesag deur hul tradisies (Markus 7:13) – gelowe en idees wat oorgelewer is deur die samelewing, opvoeding en omgewing. Maar meditasie maak jou verstand en denke geskik en sinkroniseer dit met die Woord.

Wees dus doelbewus oor wat jy in jou denke toelaat, jou verstandelike biblioteek. Jy is die karakter van jou gedagtes: Spreuke 23:7 (CAB23): ***"Want soos hy in sy hart dink, so is hy."*** Vul daarom jou hart met die Woord totdat dit die dominante oortuigingskrag in jou denke word. Laat dit jou redenasie, reaksies en jou wêreldbeskouing vorm. Moenie jou denke aan toeval oorlaat nie; bou dit met die Woord.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir u Woord wat my denke hernu en my lewe vorm. Ek bewaar my gedagtes en gee myself aan die Woord, en laat toe dat dit my denke domineer en my besluite rig. Ek verwerp elke invloed wat teenstrydig is met u Waarheid: Ek wandel in wysheid en my lewe lewer resultate wat U verheerlik, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Romeine 12:2; Josua 1:8 AMPC; Filippense 4:8

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 1 & Psalms 104-106

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 3:13-21 & Jeremia 1





# LEER DIE BEDIENING VAN DIE GEES

***Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei…(Johannes 16:13).***

Daar is iets baie belangriks wat jy in jou wandel met die Here moet verstaan: om die Heilige Gees te ontvang, beteken nie dat jy outomaties sy bediening verstaan nie. Die Heilige Gees is gegee om jou te lei, te rig in die hele waarheid en jou te help om God se bestemming vir jou lewe te vervul. Maar jy moet jouself aan Hom oorgee en die Woord bestudeer om meer te leer van sy bediening in jou lewe.

Sonder Hom bly die Skrif gesluier; maar deur sy bediening, ontvang jy begrip en is jy in staat om God se perfekte wil te onderskei. Dit was duidelik in die vroeë Kerk. Voordat die Heilige Gees gekom het, was hul begrip van die Skrif gevorm deur die tradisies en denkwyse van die algemene Jood. Maar nadat hulle die Heilige Gees ontvang het, het hulle begin leer en die Skrif op 'n nuwe manier verstaan.

Selfs toe, was daardie begrip progressief. Byvoorbeeld, die insluiting van die nie-Jode in verlossing was nie van



*To access other books by author*
*visit: www.loveworldpublishing.com*

die begin af vir hulle duidelik nie. Toe Petrus die Apostel na Cornelius, die hoofman oor ‘n honderd se huis gegaan het, was daar twis. Hulle het hom bevraagteken dat hy soontoe gegaan het. Dit wys dat hul begrip steeds beperk was, selfs nadat hulle die Gees ontvang het.

Dit was deur die bediening van Paulus die Apostel dat die openbaring van globale evangelisasie duidelik geword het. Hy het die begrip gebring dat verlossing vir almal was – om die uithoeke van die aarde te bereik, net soos die Here gesê het. Die geheimenis dat die nie-Jode ook in die Evangelie van Christus se verlossing ingesluit was, is deur goddelike openbaring aan hom bekendgemaak.

Die Heilige Gees is jou leermeester, soos jy studeer, maak Hy jou oë oop, verbreed jou begrip en bring jou tot ‘n dieper openbaring van God se waarhede.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die Heilige Gees wat my leer en lei in die hele waarheid. Soos ek u Woord bestudeer, word my begrip verlig. Ek groei in wysheid en openbaring, en wandel in die volheid van u doelwitte vir my lewe, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Handelinge 10:44-45; Efésiërs 3:4-6; Johannes 14:26

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 2 & Psalms 107-108

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 4:1-7 & Jeremia 2



DINSDAG 18

# DIE GEREGTIGHEID VAN GOD DEUR GELOOF

***Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo* (Romeine 10:4).**

Daar's 'n belangrike waarheid wat jy nodig het om te verstaan rakende geregtigheid: dit is deur geloof, nie deur werke nie. Die Skrif maak die kontras duidelik in Romeine 9:30-32. Die nie-Jode het geregtigheid verkry omdat hulle dit deur geloof ontvang het. Maar Israel, wat dit deur die wet nagestreef het, het dit nie verkry nie, want hulle het dit deur werke nagestreef.

Die Bybel verklaar duidelik dat deur die werke van die wet geen mens geregtig gemaak word nie: ***"terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, ...omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie"*** (Galasiërs 2:16). Ook sê Romeine 3:21-22: ***"MAAR nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet…'die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo…"***

Jy probeer dit nie verdien of bereik deur werke of menslike toedoen nie; dit word deur geloof ontvang. Maar Israel het gegaan en gepoog om hul eie geregtigheid deur die Wet te bewerkstellig, en dit het misluk: ***"Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie."*** (Romeine 10:3).

Die Skrif sê hulle het 'n ywer vir God gehad, maar nie volgens kennis nie. Dit is vandag steeds die situasie. Baie is ywerig, geesdriftig en opreg in hul strewe na geregtigheid. Hulle streef vir wat reeds vryelik gegee is. Maar die sleutel is om toe te gee aan, of die volle aanvaarding van die geregtigheid van God wat deur geloof in Jesus Christus is.

Die geregtigheid van God is 'n geskenk wat jy ontvang, nie iets waarvoor jy werk nie: ***"...hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus"*** (Romeine 5:17). 2 Korinthiërs 5:21 sê: ***"Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom."***

Moenie probeer om jou eie geregtigheid deur werk op te rig nie. Aanvaar wat God jou in Christus gegee het. In Filippense 3:9 maak Paulus deur die Gees hierdie merkwaardige stelling: ***"en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof"*** Halleluja!

## BELYDENIS

**Ek is die geregtigheid van God in Christus Jesus en ek wandel in die bewustheid van my geregtigheid voor God; vrymoedig en oorwinnend. Ek heers in die lewe deur Jesus Christus en openbaar sy wysheid, heerlikheid en waarheid. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Galásiërs 2:16 NIV; Efésiërs 2:8-9; Romeine 3:20-22

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 3 & Psalms 109-112

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 4:8-13 & Jeremia 3



WOENSDAG **19**

# DIE ONTSLUIERING VAN DIE WAARHEID

***Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen... en vervals die woord van God nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor God aan***
***(2 Korintiërs 4:2).***

Ons openingskrifgedeelte handel oor die openbaring van "die waarheid." Maar wat is die waarheid? Ons vind die antwoord in die woorde van die Here Jesus in Johannes 17:17: ***"... u woord is die waarheid."*** God se Woord is die waarheid. Egter, nie alles wat uit die Bybel aangehaal word is die Woord in die waarheid nie. Om die Woord van God te kan wees, moet dit konsekwent wees met die leerstelling van Jesus Christus en die bepalings van die Evangelie. Die Evangelie van Jesus Christus is die blootlegging van die waarheid.

Buite die Evangelie, bly die waarheid gesluier; maar in die Evangelie, word die waarheid openbaar, ontsluit, en duidelik gemaak. Die waarheid was onbekend totdat die Here Jesus geopenbaar is. Hy is die ontsluiering van God se plan, doel, wil, idees, en menings. Daarom gebruik Paulus die woord "openbaring" (Grieks: Phanerosis). Dit is dieselfde woord wat in 1 Korintiërs 12:7 gebruik word: ***"Maar die openbaring van die Gees word aan elke mens gegee om daarby baat te vind."***

Die openbaring van die Gees is die uiterlike uitdrukking

van die Gees in sy verskeie dimensies. Net so, is die openbaring van die waarheid die uiterlike uitdrukking van die waarheid — God se Woord in en deur ons vandag. Om werklik vir Jesus Christus te lewe, moet jy sy Woord ken, want jy kan nie dit wat jy nie ken openbaar nie.

Jy moet eers die waarheid ken om in die waarheid te kan wandel, en soos 3 Johannes 1:4 sê: ***"Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel."*** Wanneer jy die waarheid van God in jou opgeneem het, beheer dit jou denkwyse. Dit word jou manier van dink, en vorm jou standpunte, menings en idees. God se Woord het besit geneem van jou persoonlikheid en dit word deur jou openbaar.

God se begeerte is dus nie net dat jy die waarheid moet spreek nie, maar dat jy die waarheid moet leef, God se waarheid, in werklikheid. Dit is waarom jy nie jou lewe op grond van aannames moet leef nie. Bestudeer die Woord om te weet, want die Bybel sê: ***"En laat ons ken — laat ons dit najaag om die Here te ken…"*** (Hosea 6:3). Dit is jou roeping: om die waarheid te ken en te openbaar met helderheid, met oortuiging, en met krag. Eer aan God!

## GEBED

**Heilige Vader, ek dank U vir die Evangelie van Jesus Christus, wat die blootlegging van die waarheid is. My verstand word deur u Gees verlig, en ek wandel in die lig van u Woord. Ek openbaar die waarheid en leef u geregtigheid en heerlikheid vandag uit, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Johannes 1:17; Kolossense 1:26-27; 3 Johannes 1:3-4

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 4 & Psalms 113-116

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Filippense 4:14-23 & Jeremia 4



DONDERDAG 20

# ‘N BELANGRIKE LES IN SIELE WEN

***Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerli (Matteus 5:16).***

Soms, wanneer jy vir mense sê om siele te wen, dink hulle dadelik aan iemand wat hulle reeds ken, miskien ‘n buurman, huismaat of kamermaat, ‘n vriend, kollega of familielid. Dieselfde persoon teenoor wie hulle al jare getuig, maar wat nog nie gereageer het nie. Dus, wanneer daar ook al van siele wen gepraat word, is dit waarheen hul gedagtes gaan.

Al mag dit goed wees, moet jy iets meer verstaan oor hoe siele wen werk. Diegene wat die naaste aan jou is, het dikwels nie herhaaldelike oorreding nodig nie. Jou lewe spreek reeds tot hulle. Die Here het nie gesê hou aan spreek totdat hulle jou goeie werke sien en jou Vader in die hemele verheerlik nie. Eerder, het Hy gesê laat jou lig só skyn, en daarmee verwys dit na jou Christelike gedrag en karakter, jou lewenswandel volgens die Woord. Dit dra reeds Christus aan hulle oor.

Daarom, moenie evangelisasie in eindelose argumente of herhaaldelike verduidelikings met dieselfde individue laat ontaard nie. Maar nog belangriker, bid vir hulle. Leef die Woord voor hulle uit. Laat jou Christus-lewe die bewys

wees. Hulle sal waarneem, besin, en eendag gereed wees om na antwoorde te soek. Op so 'n tyd, sal 'n eenvoudige verduideliking al wees wat hulle nodig het.

Maar so lank hulle aanhou om weerstand te bied en met jou stry, moet jy na ander mense uitreik. Moenie toelaat dat familiariteit jou reikwydte beperk nie. Daar is baie wat nog nie gehoor het nie, baie wat gereed is, baie buite jou onmiddellike kring, wat die Evangelie sal ontvang wanneer jy spreek. Reik uit na hulle. Deel die Evangelie met diegene wat oop en gewillig is.

Soms gebruik die vyand dieselfde weerstandige individue as 'n afleiding, hulle hou jou besig terwyl ander wat gereed is onbereik bly. Moenie in daardie strik val nie. Laat jou deur wysheid lei. Wees doelgerig. Skyn waar jy is, maar gaan waar die Gees jou lei.

## BELYDENIS

**Ek word deur God se wysheid gelei om doeltreffend te wees in siele wen. My lig skyn oral en diegene in my wêreld sien my Christus-lewe en eer God. My lewe is 'n getuienis van God se waarheid, heerlikheid en geregtigheid, en deur my, word baie vandag tot redding gebring, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Spreuke 11:30; Markus 16:15; Lukas 10:1-6

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 5 & Psalms 117-118

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Kolossense 1:1-8 & Jeremia 5



VRYDAG 21

# DIE WEGRAPING IS WERKLIK EN OP HANDE



***Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word (1 Korintiërs 15:51).***

Sommige sê hulle glo nie in die Wegraping van die Kerk nie. Maar verander hulle ongeloof enigiets? Nee! Waarheid word nie deur mening vasgestel nie; dit word deur die Woord vasgestel. Of ‘n mens dit glo of nie, die Woord van God is duidelik: die Wegraping sal plaasvind, en trouens, baie binnekort.

Die apostel Paulus noem dit ‘n verborgenheid: 1 Korintiërs 15:52: ***“In 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.”*** Nie almal sal sterf nie, maar almal sal verander word. Die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan, en die wat lewe sal verander word.

Paulus verduidelik verder in 1 Tessalonisense 4:16–17: ***“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.”*** Die onderstreepte uitdrukking, “weggevoer” is waar die woord “wegraping” vandaan kom.

Jy vind dalk nie die woord “wegraping” in die Bybel

nie, maar die betekenis daarvan word duidelik openbaar. Ons sal weggevoer word die Here tegemoet in die lug. Oorweeg ook die uitdrukking: ***"… dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring"*** (1 Tessalonisense 4:14). Die wat in Christus gesterf het, is nie verlore nie; hulle sal deel wees van hierdie heerlike gebeurtenis.

Dit is nie 'n nuwe idee of 'n valse hoop nie; dit vorm die grondslag van die Christelike geloof. Paulus maak dit duidelik dat indien die dode nie opgewek is nie, dan is ons geloof nutteloos (1 Korintiërs 15:17–19). Maar Christus is opgewek, en omdat Hy lewe, is hierdie hoop seker. Moenie jou laat beïnvloed deur teenstrydige menings of laat meevoer deur diegene wat die werklikheid van die Wegraping ontken nie. Die Here Jesus kom nie net weer nie; Hy kom binnekort.

Nou enige oomblik, sal die basuin weerklink. Die stem van die aartsengel sal gehoor word. En ons sal weggevoer word. Dit is ons salige hoop. Hou die Wegraping voor oë; berei jouself voor en verheug jou in die sekerheid dat dit op hande is.

## GEBED

**Hemelse Vader, ek dank U vir die sekerheid van u Woord. My hart jubel oor die waarheid van Christus se spoedige wederkoms. Daarom leef ek in verwagting, geloof en gereedheid, in die wete dat ek weggevoer sal word om Hom in die lug te ontmoet. Ek bly standvastig, onwankelbaar, en vol vreugde, terwyl ek vir U leef, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Titus 2:13; Filippense 3:20-21; 1 Korinthiërs 15:17-20

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 6 & Psalms 119:1-112

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Kolossense 1:9-18 & Jeremia 6





# MOENIE KIESKEURIG MET DIE WAARHEID WEES NIE

***Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid (Johannes 17:17).***

Die waarheid van God se Woord is nie onderhewig aan persoonlike voorkeur nie. Jy aanvaar nie een deel en verwerp 'n ander nie. God se Woord is absolute waarheid; dit is volledig, konsekwent en betroubaar. Ongelukkig is daar mense wat sê dat hulle sekere dele van die Bybel nie glo nie, byvoorbeeld die hemelvaart van Jesus Christus. Jy is nie 'n Christen as jy nie glo dat Jesus na die hemel opgevaar het nie.

Dit word duidelik in die Skrif openbaar dat Hy in die hemel opgeneem is. Dink terug aan die woorde van die engel aan die dissipels in Handelinge 1:11: ***"…Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."*** Dit was nie simbolies nie; dit het werklik gebeur en is 'n onbetwisbare werklikheid: Die Here Jesus het na die hemel opgevaar.

Voor Hom was daar Henog (Hebreërs 11:5), en Elia (lees 2 Konings 2:9-11); hierdie twee is lewend in die hemel opgeneem. Dit was werklike gebeurtenisse wat wys dat God se handelinge konsekwent is en sy Woord betroubaar is. As iemand dan een deel van die Woord bevraagteken, waar sal dit dan eindig?

As jy, as Christen, nie glo dat Jesus na die hemel



***To keep getting Rhapsody of Realities, order on www.rhapsodyofrealities.org or call +234 201 888 8186***

opgevaar het nie, beteken dit ook dat jy nie glo dat daar 'n hemel is nie, want een van die redes waarom ons hemel toe gaan, is afkomstig van dit wat Jesus in sy gebed aan die Vader in Johannes 17:24, gesê het: ***"Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees…"***

Hy wil dat ons die hemel sal sien en sien dat alles wat Hy vir ons vertel het, waar is. Hy wil dat ons kom en werklik deel sal hê aan wat in die hemel gebeur; en dan saam met Hom sal terugkom om die nasies vir 'n duisend jaar te regeer, voor die oordeel. Halleluja! Die Skrif openbaar vir ons dat die hemel 'n werklikheid is.

Jou lewe in Christus is nie beperk tot hierdie huidige wêreld nie. Daar is 'n toekoms saam met Hom. Glo daarom die Woord in sy geheel; moenie selektief met die waarheid wees nie. Moenie jou geloof bou op mense se teorieë of aannames nie. Ontvang die Woord ten volle en bou jou lewe op die volledige raad van God se waarheid.

## BELYDENIS

**U Woord, o Here, is volledig en volmaak en absoluut betroubaar. My lewe is gebou en gevestig op die volle raad van u Woord. Ek wandel in die lig van alles wat U in u Woord geopenbaar het. Daarom is my lewe voortreflik en vol heerlikheid, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Hebreërs 11:5; 2 Konings 2:11; Handelinge 1:9

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 7 & Psalms 119:113-176

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Kolossense 1:19-29 & Jeremia 7





# CHRISTUS—DIE GOD-MENS VERLOSSER

***Simon Petrus het geantwoord: 'U is die Messias, die Seun van die lewende God (Matteus 16:16 NLV).***

Daar is iets wat ons moet verstaan oor die naam "Christus." Dit is die Engelse woord van die Griekse "Christos," en dit weer is die Griekse woord van die Hebreeuse "Messias." Wat is die betekenis van "Messias"? Dit beteken, die God-mens Verlosser. Dit is waarom Jesus die Gesalfde Een genoem word, die God-mens Messias.

Deur die profetiese woorde van Moses en ander profete het hulle verstaan dat daar 'n Messias sou kom, dat daar 'n God as mens sou kom, en dat hierdie God-mens hulle sou verlos. Maar watter tipe verlossing het hulle verwag? 'n Volkome verlossing! Verlossing van alle boosheid en van alles wat menslik is. Waarom het die Jode so gedink?

Hulle het geweet dat alles wat menslik was, verderflik geword het. Hulle het goeie kennis gehad van die verhaal van hoe die mens in die Tuin van Eden, deur Adam se oortreding geval het. Daarom het hulle geglo dat slegs 'n God-mens Verlosser, die volkome Verlosser, die mensdom sou kon bevry van Satan se slawerny en die verderflikheid wat daardeur in die natuur ingetree het.

Die mens se hart het bo alle dinge, bedrieglik en ongeneeslik boos geraak (Jeremia 17:9). Daarom het die mens besef dat hy verlossing van homself nodig gehad het, verlossing van sy gevalle natuur. Dit is waarom hulle uitgesien het na die koms van die God-mens, die Messias.

Daarom is Hy die Gesalfde Een genoem. Nie omdat hulle geen kennis van die salwing gehad het nie.

Hulle het geweet dat Moses gesalf was, en so ook die priesters. Hulle het ook geweet die konings, Dawid en selfs Saul, en die profete, was almal gesalf. Hulle was vertroud met die salwing. Hulle het dus nie bloot van net nog 'n gesalfde gepraat nie, maar van die God-mens. Dit was hul verwagting.

Maar ongelukkig, toe Hy gekom het, het hulle Hom nie herken nie. Die Bybel sê: ***"Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie"*** (Johannes 1:11). Jesus is daardie God-mens. Hy is die Christus. Nie net 'n gesalfde mens nie, maar die Een wat die volkome verlossing gebring het. In Hom is jy verlos van alles wat boos is en van die gevalle menslike natuur. Jy is ingebring in 'n nuwe lewe.

Jy is nie opsoek na verlossing nie; jy is reeds verlos: ***"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,"*** (Kolossense 1:13). Jy behoort nie aan die ou menslike orde nie; jy is 'n totale nuwe skepping, vanweë Christus—die God-mens Verlosser. God sy dank!

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die openbaring van Jesus Christus, die God-mens en my volkome Verlosser. Ek leef met die bewustheid van die waarheid, dat ek ingebring is in 'n nuwe lewe in Christus; 'n lewe van heerlikheid en geregtigheid. Ek wandel vandag in hierdie werklikheid, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Johannes 1:14; Psalms 37:39-40; Jesaja 19:20

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 8 & Psalms 120-127

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Kolossense 2:1-7 & Jeremia 8



MAANDAG **24**

# DIE HEERSKAPPY EN OPPERGESAG VAN CHRISTUS



***...wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige (Efesiërs 1:20–21).***

Ons Here Jesus Christus is nie een van baie owerhede, regerings of magte in hierdie wêreld nie; Hy is ver bo hulle almal. Hy is hoog verhewe bo elke ander regering, gesag, mag, heerskappy en elke titel van soewereiniteit in hierdie eeu asook in die eeu wat kom. Dit beteken dat daar geen stelsel, geen struktuur, geen naam en geen amp is wat buite die heerskappy en oppergesag van Christus bestaan nie.

Onthou, die Bybel sê dat Hy 'n regering het (Jesaja 9:6), en sy regering het onbeperkte invloed, mag, heerskappy en gesag: ***"...tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde,"*** (Jesaja 9:7). Sy gesag oortref elke aardse stelsel. Hy is die Hoof en ons is sy liggaam. En die Bybel sê dat sy regering rus op sy skouers, wat sy liggaam beteken.

Daarom is dit so dat wanneer daar enige stelsel teen die Evangelie van Jesus Christus staan of probeer om die Kerk te verhinder, ons hulle in toom hou. Ons verydel hulle pogings en vernietig hulle planne. Ons het die gesag om dit te doen omdat ons in sy Naam funksioneer. Soos Hy, ver bo elke heerser, gesag, mag en vors van die duisternis is, so ook is ons, omdat Hy ons saam opgewek en saam met Hom laat sit het in die hemelse plekke (Efesiërs 2:6).

Sy heerskappy en oppergesag is nie tydelik nie, maar is vir ewig. Nou én in die wêreld wat kom, staan sy gesag vas. Die Bybel wys die omvang van sy heerskappy; alles is aan Hom onderwerp. Efesiërs 1:20-22 (MSG) sê: ***"All this energy issues from Christ: God raised him from death and set him on a throne in deep heaven, in charge of running the universe, everything from galaxies to governments, no name and no power exempt from his rule. And not just for the time being, but forever. He is in charge of it all, has the final word on everything."*** (Al hierdie krag kom van Christus. God het Hom uit die dood opgewek en Hom op die hoogste troon in die hemel laat sit, waar Hy heers oor die hele heelal – alles, van sterrestelsels tot regerings. Geen naam en geen mag is uitgesluit van sy heerskappy nie. En dit is nie net vir 'n tyd lank nie, maar vir ewig. Hy is in beheer van alles en het die finale sê oor elke saak.) God sy dank!

Leef met hierdie bewustheid. Jy funksioneer onder die gesag van die Een wat bo almal verhewe is—die Here Jesus. Leef daarom in die heerskappy en oppergesag van sy heerlikheid en magtige krag.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die heerskappy en oppergesag van Jesus Christus oor alle regerings, magte, heerskappye en vorste van die duisternis. Ek leef met die bewustheid van sy heerskappy en oefen gesag uit in elke situasie. Ek staan vas vir die Evangelie, vrymoedig en vol geloof omdat ek weet dat ek onder die hoogste gesag funksioneer, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Kolossense 2:10; Filippense 2:9-11; Daniël 7:14

### 1 JAAR BYBELLEES-PLAN

1 Korinthiërs 9 & Psalms 128-134

### 2 JAAR BYBELLEES- PLAN

Kolossense 2:8-15 & Jeremia 9



DINSDAG 25

# NEEM JOU PLEK IN EN VOER HEERSKAPPY

***Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus (Romeine 5:17).***

Sommige het bevraagteken dat as Jesus werklik Here is oor alles, en oor alle gebeure in die wêreld, hoekom daar dan soveel wanorde is? Ja, hy is Here; Hy is verhewe ver bo owerhede en magte. Maar jy moet jou plek in sy koninkryk en in sy heerskappy verstaan: Hy regeer deur jou. Jy is sy instrument van heerskappy.

Daarom, is een van die redes waarom dinge vandag in wanorde verkeer, nie omdat Christus 'n gebrek aan gesag het nie, maar omdat diegene wat in sy plek moet optree dit nie verstaan nie, of hulle oefen nie daardie gesag uit nie. Dit is hoekom die Woord selfs nou na jou toe kom. Dit is hoekom jy geleer word. Jy is die een wat moet heers in sy plek.

Jy is die een wat moet domineer in hierdie wêreld en omstandighede moet tem om aan God se perfekte gelykvormig te wees. Jy het 'n oorvloed van genade en die gawe van geregtigheid ontvang; dit kwalifiseer jou vir 'n lewe van heerskappy. Jy moet doelbewus die gesag gebruik wat vir jou gegee is in die Naam van Jesus. Wanneer situasies opduik: moenie pleit nie, moenie smeek nie, moenie terugdeins nie – neem beheer. Dwing die wil van God af.

Die Here Jesus bestuur die heelal – ja, van sterrestelsels

tot regerings, niks is uitgesluit van sy heerskappy nie. Maar Hy voer sy gesag uit deur sy kerk. Dit beteken dat waar jy ook al jouself bevind, sy heerskappy deur jou moet plaasvind. As dinge buite beheer is, kyk jy nie hoe dinge slegter raak nie, jy neem aksie. Jy spreek en handhaaf God se geregtigheid.

Alles in die lewe besit intelligensie en dit is opdrag gegee om Jesus te hoor en te gehoorsaam en dit word verleng na jouself, want jy is een met Hom (Matteus 17:5). Wanneer jy praat, gehoorsaam alles in die lewe, lewendig of leweloos, want jy funksioneer in die Naam van Jesus, in sy heerskappy en gesag. Halleluja!

Hy het jou die mag gegee om in jou wêreld te heers, en om in sy naam oor die wêreld te heers. Hy het gesê in Johannes 20:21: ***"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook..."*** Dan in Matteus 28:18 het Hy gesê: ***"...Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde."*** Daarna het Hy ons, op grond van sy heerskappy en gesag die opdrag gegee om dissipels van die nasies te maak en om die wêreld 'n beter plek te maak (Matteus 28:19-20). Daarom, tree dienooreenkomstig op; neem jou plek in en beoefen jou gesag in Christus.

## GEBED

**Liewe Vader, dankie vir die oorvloed van genade en die geskenk van geregtigheid wat ek ontvang het in Christus. Ek leef in die bewustheid van my gesag en beoefen gesag uit oor elke sfeer van die lewe. Ek dwing u wil af in my omgewing, bring orde, geregtigheid, en vrede, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Lukas 10:19; Efésiërs 2:6; 2 Korinthiërs 4:13

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 10:1-13 & Psalms 135-138

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Kolossense 2:16-23 & Jeremia 10-11



WOENSDAG **26**

# KYK DIT IN DIE OË EN WEN

***Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is (1 Johannes 4:4).***

In Christenskap word jy nie geroep om weg te hardloop van uitdagings nie, maar om hulle die hoof te bied en om te oorwin. Baie neem aan dat aangesien hulle Christene geword het, moet die lewe heeltemal sonder uitdagings wees. So wanneer hulle uitdagings in die gesig staar, dan begin hul wonder: "Waarom het ek nog probleme? Hoekom voel ek pyn? Hoekom verander dinge nie dadelik wanneer ek bid nie?" Maar daardie denkwyse mis 'n belangrike waarheid oor die christelike lewe. Dit is 'n reis.

Indien daar geen uitdagings vir jou geloof is nie, dan kan jou geloof nie werk nie. Geloof word bewys, beoefen en vervolmaak in die aangesig van teenstand. Die lewe word nie gedefinieer deur hoe glad dinge verloop nie; jy word bevorder deur die toetse wat jy slaag. Dit bring na vore die woorde van die Meester in Openbaring 2:26: ***"Aan elkeen wat die oorwinning behaal en tot die einde toe volhou om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die nasies gee."***

Jy vorder nie sonder die toetse van die lewe nie. Selfs in bediening, gebeur groot sukses nie oornag nie. Daar is stadiums, ervarings en oorwinnings wat jou in die posisie plaas vir groter verantwoordelikheid. Partykeer laat God

toe dat jy sekere situasies beleef, nie vir jou nederlaag nie, maar vir jou oorwinning. Hy weet jy gaan wen, want Hy weet wat Hy in jou geplaas het. Wanneer jy wen, word jy vereer met meer. Dit is die goddelike patroon.

Daarom, moenie ingee onder druk nie; moenie ingee aan vrees en frustrasies nie; staan sterk. Verklaar soos Paulus: ***"Maar ek bekommer my glad nie…"*** (Handelinge 20:24); ***"…is ons meer as oorwinnaars" (Romeine 8:37). Leer om die vyand in die gesig te staar en verklaar: "Maak nie saak wat jy doen nie, ek is meer as 'n oorwinnaar in Christus Jesus. Groter is Hy wat in my is as hy wat in die wêreld is."***

Dit maak geen verskil wat jy in die gesig staar nie; jy het die vertroosting van God in jou gees en die troos van die Heilige Gees. Hy herinner jou gedurig om aan te gaan en te wen, wetend dat elke uitdaging 'n geleentheid vir jou is om te oorwin. Geen wonder Hy sê: ***"Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val,..."*** (Jakobus 1:2).

## GEBED

**Liewe Vader, dankie vir die oorwinning wat U my gegee het in Christus Jesus. Ek staan sterk in geloof en verklaar u Woord met vrymoedigheid. Ek weier om deur omstandighede beweeg te word, want groter is Hy wat in my is as hy wat in die wêreld is. Ek leef in sterkte, heerskappy en krag vandag, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Romeine 8:37; 2 Korinthiërs 2:14

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 10:14-11:1 & Psalms 139-141

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Kolossense 3:1-11 & Jeremia 12



DONDERDAG **27**

# BLY IN GELOOF

***AG dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk (Jakobus 1:2-3).***

Was jy al ooit in 'n situasie waar, nadat jy alles gedoen het wat jy weet om te doen, dinge nie gelyk het of dit verander nie? Jy het gebid, die Woord toegepas en elke raad gevolg, maar die situasie het dieselfde gelyk. Soos die student wat eenkeer vir my 'n brief geskryf het nadat die persoon verskeie kere dieselfde eksamens afgelê het en oor en oor gedruip en gevra het: "Pastoor Chris, wat meer kan ek doen? Ek het alles probeer."

Maar die Woord gee reeds die antwoord: bly in geloof! Weier om op te gee. Geloof werk altyd. Weier om weens ongeloof aan die Woord van God te struikel, maar teen hoop glo in hoop. Ongeag die teëspoed wat jy in jou akademie, jou werkplek of deur mense wat vasbeslote lyk om jou vordering te belemmer ervaar, weier om ontsteld, mismoedig of bitter te wees. Hou aan om volgens jou geloof te leef.

Jy mag dalk individue teëkom wat besluit dat jy, ongeag wat jy doen, nie sal slaag nie tensy jy jou geloof inboet – bly by die Woord. Die Bybel sê as jy geteister


*Share your inspiring testimony on*
*www.rhapsodyofrealities.org/abilliontestimonies*

word, bid (Jakobus 5:13), maar dit beteken nie dinge kan onmiddellik verander nie, en dit beteken ook nie dat God jou nie gehoor het nie. Maar een ding is seker: Hy glo in jou.

God weet Hy het jou genoeg toegerus om die situasie die hoof te bied en te wen. Dis hoekom jy nie terugdeins nie; jy pak dit aan en wen. Jy staan jou man. Jy hou vas aan die Woord. Selfs wanneer dit lyk asof alles om jou ineenstort, weier om paniekerig te raak. Weier om op te gee.

Miskien het jy jou werk verloor, of iets het nie verloop soos jy verwag het nie, moenie ontroer word nie. Die Bybel sê: ***"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is"*** (Romeine 8:28). Dit is jou lewe, en dit sal altyd jou ervaring wees solank jy in geloof is. Hou dus aan om die Here met vreugde te dien en jou geloof toe te pas.

## BELYDENIS

**Ek is 'n oorwinnaar in Christus Jesus. Ek wandel in heerskappy, mag en steeds toenemende genade, heerlikheid en vrede. My denke is vernuwe deur die Woord, daarom dink ek net oorwinning, sukses en oorvloed. Die heerlikheid van Christus, sy geregtigheid, mag en wysheid word vandag in en deur my uitgedruk, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

1 Korinthiërs 15:58; Romeine 4:18-22;
Romeine 8:35-37 AMPC

### 1 JAAR BYBELLEES-PLAN

1 Korinthiërs 11:2-34 & Psalms 142-145

### 2 JAAR BYBELLEES- PLAN

Kolossense 3:12-25 & Jeremia 13



VRYDAG 28

# LEEF VIR DIE KONINKRYK

***Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word (Matthéüs 6:33).***

In die lewe, bepaal waarvoor jy leef, hoe jy leef. Die Here Jesus het dit duidelik gemaak dat jou fokus nie op die materiële dinge van hierdie wêreld moet wees nie, maar op die Koninkryk. Hy het in Lukas 12:15 gesê: ***"... Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie."***

Baie mense bekommer hulle oor materiële besittings, maar jy word nie beter deur jou te bekommer nie. Niemand het ooit nie. Die Meester het dit duidelik gemaak toe Hy in Lukas 12:25 gevra het: ***"En wie onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?"*** Bekommernis lei jou eerder af van jou ware roeping as om jou toestand te verbeter. Daarom het Hy gesê, moenie bekommerd wees oor jou lewe, oor wat julle sal eet, wat julle sal drink of wat julle sal aantrek nie. Jy is geroep tot 'n hoër doel.

Jou hemelse Vader het reeds alles wat jy vir die lewe en godsvrug nodig het, vir jou beskikbaar gestel: ***"GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus"*** (Efesiërs 1:3). 2 Petrus 1:3 sê: ***"IMMERS, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien..."*** 1 Korinthiërs 3:21 sê: ***"...want alles***

***behoort aan julle;"***

Gevolglik sê Hy vir jou wat jou prioriteit in die lewe moet wees; soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid. Dit beteken oral waar jy is, wees bewus van die Koninkryk. In jou familie, jou vriende, in jou werkplek, in jou skool, moet jou besorgdheid wees: Is die Koninkryk van God hier gevestig? Indien nie, bring jy dit daarheen.

Maak Christus bekend, en sorg dat mense sy geregtigheid ontvang en daarin gevestig word. Manifesteer sy geregtigheid oral. Dit behels wat God wil hê, en nie wat mense wil hê nie. Selfs wanneer jy geskille tussen mense oplos, soek jy nie wie reg of verkeerd is nie; jy vestig die geregtigheid van God.

Baie sukkel en is gefrustreerd in die lewe omdat hulle hul eie weg, hul eie tevredenheid, soek. Maar ware tevredenheid kom van die soek na God se Koninkryk en die uitdrukking van sy geregtigheid. Dit is wat dit is om vir die Koninkryk te leef.

## GEBED

**Liewe Vader, dankie dat U my leer om bo bekommernis en angs te leef. My hart is op u Koninkryk gerig, en ek manifesteer u geregtigheid oral. Ek weier om deur die sorge van hierdie wêreld gedryf te word, want ek weet U het my reeds geseën en my alles gegee wat ek vir lewe en godsvrug benodig. Daarom wandel ek in vrede, doelgerigtheid, vreugde en vervulling, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Matthéüs 6:31-33; Lukas 12:22-31

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 12 & Psalms 146-150

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Kolossense 4:1-9 & Jeremia 14



SATERDAG **29**

# DIE VADER WEET REEDS

***Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het (Matthéüs 6:31-32).***

Deel van die rede waarom die Here Jesus vir ons gesê het om nie bekommerd te wees nie, is omdat ons hemelse Vader alles weet. Hy weet wat in jou hart is. Hy ken al jou behoeftes en begeertes en het reeds vooruitgegaan om dit vir jou te gee. Hy is ten volle bewus, volledig ingelig reeds voor elke situasie waaroor jy bekommerd is.

Ongelukkig leef baie steeds asof God onbewus is, en tree angstig, onder druk en onseker op. Hulle dink voortdurend aan wat om te eet, wat om aan te trek en hoe dinge sal uitdraai. Dis die lewe van diegene wat God nie ken nie. Jesus het gesê die heidene soek na hierdie dinge. Dis hulle strewe en fokus. Maar jy is anders.

Dawid het dit verstaan en in Psalms 23:1 verklaar: ***"Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie."*** Laat dit tot jou gees deurdring. Moenie deur angs gedryf word nie, leef volgens die openbaring van God se Woord. Reageer op lewensomstandighede in geloof en met geloof. Bly altyd kalm, selfversekerd en onwankelbaar. Nie omdat

daar geen uitdagings is nie, maar omdat jy weet dat jy nie alleen is nie, en dat jy nie sonder hulp en voorsiening is nie.

Jou hemelse Vader oorlaai jou daagliks met weldade (Psalms 68:19). Dit is die bewustheid wat jy moet hê. Al jou behoeftes is gekoppel aan God se voorsieningstelsel, jy kom niks kort nie, jy besit alles, want jy is die nageslag van Abraham. Wanneer situasies dus opduik, moenie paniekerig raak nie, herinner jouself: "My Vader weet!" Dit bring rus in jou hart en versterk jou geloof.

Vertrou Hom en bly in die Woord. Jy probeer nie om God se aandag te trek nie, jy het dit reeds. Jy probeer nie om Hom te oortuig om, om te gee nie, Hy gee reeds om.. 1 Petrus 5:7 sê: ***"... want Hy sorg vir julle."*** Wandel daarom in die stille vertroue dat jou hemelse Vader aan jou dink, genadig en goedhartig teenoor jou is, altyd oor jou waak om aan jou goed te doen. Halleluja!

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir u liefdevolle goedheid en oorvloedige genade teenoor my. Ek leef in die vertroue dat U aan my dink, genadig en goed teenoor my is en altyd oor my waak om aan my goed te doen. My hart is gerus en ek wandel in geloof, sekerheid en vrede, in Jesus se Naam. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Matthéüs 6:8; 1 Petrus 5:7 AMPC;
Matthéüs 6:31-34 NIV

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 13 & Spreuke 1-2

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

Kolossense 4:10-18 & Jeremia 15




SONDAG **30**

# SKEP MOED—OORWINNING IS VERSEKER

***Hy wat teen alle hoop op hoop geglo het, sodat hy die vader van baie nasies kon word volgens wat gesê was: Só sal jou nageslag wees (Romeine 4:18).***

Daar is tye wanneer jy alles gedoen het wat jy weet om te doen, en tog lyk dit asof die situasie onveranderd bly. Jy het gebid, op die Woord gestaan en die raad wat gegee is toegepas, maar niks lyk anders nie. Dit is die oomblik wanneer baie mense in die versoeking kom om moedeloos te word. Maar dit behoort nooit jou reaksie te wees nie; geloof gee nooit op nie.

Die Bybel vertel ons dat Abraham, teen alle hoop in, op hoop geglo het. Toe daar geen natuurlike rede was om verandering te verwag nie, het hy vasgehou aan wat God gesê het. Dit is die lewe van geloof. Jy laat nie omstandighede jou beïnvloed of jou laat wankel nie; jy anker jou vertroue in die Woord.

Moet nooit weens ongeloof aan die Woord van God twyfel net omdat die verandering waarna jy verlang nie oornag plaasgevind het nie. Wees eerder sterk in die geloof en gee eer aan God, met die wete dat sy Woord nooit faal nie. Bly standvastig en behaal die oorwinning. Die Bybel sê ons is nie van dié wat terugdeins nie; ons glo tot die einde toe: ***"Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as iemand terugdeins, het my siel geen behae in***

***hom nie. Maar ons behoort nie aan dié wat terugdeins tot verderf nie, maar aan dié wat glo tot behoud van die siel"*** (Hebreërs 10:38–39).

Ons gee nie op nie, en ons gee nie toe nie. Jy mag jou in omstandighede bevind wat hardnekkig lyk, of onder druk wees wat laat lyk asof jy benadeel is; moenie terugdeins nie. Gaan hulle tegemoet en oorwin. Bly staan op die Woord. Jy is nie uitgelewer aan die toestande of elemente van hierdie wêreld nie; jy is 'n oorwinnaar in Christus Jesus.

Hy het reeds gesê: ***"...maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars..."*** (Romeine 8:37). Dit is sy Woord, en sy Woord is betroubaar. Dit werk. Maar dit vereis jou standvastigheid. Lig daarom jou kop op en trek jou skouers terug; weier om aan wanhoop toe te gee. Skep moed; oorwinning is verseker: ***"...want Hy vat ons oral met Hom saam in sy groot oorwinningstog deur die wêreld"*** (2 Korintiërs 2:14DB).

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die krag en onveranderlikheid van u Woord in my lewe. Ek staan vas in die geloof, onaangeraak deur omstandighede, en hou stewig vas aan u Woord, met die wete dat ek altyd in oorwinning leef. U Woord seëvier vandag in en deur my, in die Naam van Jesus. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Hebreërs 10:23; Jakobus 1:12; Romeine 4:18-22

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 14 & Spreuke 3-4

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

1 Thessalonicense 1:1-10 & Jeremia 16



MAANDAG 31

# JY IS NIE ONDERWORPE AAN JOU GEDAGTES NIE

***Wees oor niks besorg nie; maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend word (Filippense 4:6).***

In die Christelike lewe moet jy leer om jou gedagtes te bestuur. Jy moet weet wat om te doen met die gedagtes wat elke dag by jou opkom. Jou oorwinning of nederlaag begin dikwels by die gedagtes waarop jy kies om te fokus. Daarom gee die Heilige Gees hierdie opdrag: "Wees oor niks besorg nie."

Die woord "besorg" is vertaal uit die Griekse woord “merimnaō”, wat beteken om gedagtes op iets te vestig of jou daaroor te bekommer. Dit is dieselfde woord wat die Here Jesus in Matteus 6:25 gebruik het toe Hy gesê het: ***"...Moenie julle kwel oor julle lewe nie..."*** Dit leer ons iets baie belangriks—jy hoef nie elke gedagte wat by jou opkom, te aanvaar nie.

Gedagtes kom voortdurend. Selfs nou is jou verstand aktief. Daar is 'n stroom gedagtes wat uit verskillende rigtings kom. Dit kan gaan oor jou werk, jou familie, iets wat jy gehoor het, iets wat jy gesien het, ensovoorts. Maar jy hoef hulle nie te aanvaar nie. Die oomblik wanneer jy 'n gedagte aanvaar, vestig jy jou aandag daarop. Jy begin daaroor nadink, en soos jy daarop fokus, begin dit jou emosies vorm en jou optrede beïnvloed.

Verkeerde gedagtes is afleidings. Hulle is daarop


*To keep getting Rhapsody of Realities, order on www.rhapsodyofrealities.org or call +234 201 888 8186*

gemik om jou aandag af te trek en besorgdheid, angs of onrus te veroorsaak. Daarom wys die Woord vir ons watter soort gedagtes ons moet aanvaar: ***"Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat lofwaardig is—as daar enige deug is en as daar enigiets prysenswaardig is—bedink dit"*** (Filippense 4:8).

Moenie ontstellende gedagtes koester nie. Moenie daaroor tob of dit in gebedspunte omskep nie. Onthou, jy is nie onderworpe aan jou gedagtes nie; jy is die een wat besluit watter gedagtes jy sal toelaat. Dit is waarom die vernuwing van die denke so belangrik is: ***"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is"*** ( Romeine 12:2 AFR83).

Wanneer jou denke op die Woord gerig is en voortdurend daardeur vernuwe word, word dit geheilig om die regte gedagtes te onderskei en daarop te fokus. En wanneer jou gedagtes reg is, sal jou woorde reg wees; jou lewe sal reg wees—uitnemend en vol heerlikheid.

## GEBED

**Liewe Vader, ek dank U vir die dissipline van die Gees wat in my werk. Ek weier om verkeerde gedagtes te koester, maar rig my denke op u Woord. Ek reageer op elke situasie met gebed, smeking en danksegging, en ek wandel altyd in vrede en oorwinning, in die Naam van Jesus. Amen.**

## VERDERE STUDIE:

Matthéüs 6:25-26; Jesaja 26:3; Filippense 4:8 AMPC

**1 JAAR BYBELLEES-PLAN**

1 Korinthiërs 15:1-34 & Spreuke 5-7

**2 JAAR BYBELLEES- PLAN**

1 Thessalonicense 2:1-9 & Jeremia 17

# GEBED OM VERLOSSING

Ons vertrou dat hierdie dagstukkie boek jou geseën het. Ons nooi jou uit om Jesus Christus die Here van jou lewe te maak deur die volgende gebed te bid:

“Here God, ek glo met my hele hart in Jesus Christus; Seun van die lewende God. Ek glo dat Hy vir my gesterf het en dat God Hom uit die dood opgewek het. Ek glo Hy lewe vandag. Ek bely met my mond dat Jesus Christus van vandag af die Here van my lewe is. Deur Hom en in sy Naam het ek die ewige lewe; ek is wedergebore. Dankie, Here dat U my siel gered het! Ek is nou ’n kind van God. Halleluja!”

***Veels geluk! Jy is nou ’n kind van God. Vir enige verder inligting oor hoe om as christen te groei, kontak ons gerus by enige van die volgende nommers hieronder:***

Laai "Noudat jy wedergebore is" af
www.nowthatyouarebornagain.org/download

Om Rhapsodie van Realiteite elke daagliks te geniet, besoek: www.rhapsodyofrealities.org
of bel ons by +44 (0)1708 556 604
+44 (0)8001 310 604

Teken in op die Rhapsodie Mobile beskikbaar op www.rhapsodyofrealities.org, Apple App Store en Google Play

Om berading en leiding te ontvang oor hoe om deel wees van wat Rhapsodie van Realiteite regoor die wêreld doen, besoek:
callcenter.reachoutworld.org

GEBED OM VERLOSSING GEBED OM VERLOSSING
GEBED OM VERLOSSING GEBED OM VERLOSSING



# 7 REDES WAAROM JY KERK TOE MOET GAAN

As 'n Christen is dit belangrik dat jy identifiseer met 'n plaaslike gemeente, 'n kerk wat jy jou HUIS kan noem en ten volle aan die aktiwiteite deelneem. Hier is 'n paar van die redes waarom jy kerk toe moet gaan:

**1. God Het So Gesê**
God wil hê Sy Kinders moet kerkbyeenkomste bywoon. Die vermaning is duidelik in Hebreërs 10:25 vir ons om nie die byeenkomste van die broeders te versuim nie.

**2. Jesus Het Dit Gedoen En Ons 'N Patroon Gewys Om Te Volg**
Jesus het 'n kultuur gehad om "kerk toe te gaan". Dit was van Sy persoonlike dissipline en toewyding (Lukas 4:16).

**3. Dit Is Die Voertuig Waardeur Jy In Die Liggaam Van Christus Funksioneer**
Die plaaslike byeenkoms is 'n mikrokosmos van geestelike liggaam van Christus. Jy funksioneer in daardie liggaam deur in die plaaslike vergadering te funksioneer

**4. Die Kerk Is Die Pilaar En Grondslag Van Die Waarheid (1 Timóteüs 3:15).**
Die Kerk is die pilaar en grondslag van die Waarheid waar jy die Woord van God geleer word. Die onderig van God se Woord is deurslaggewend vir 'n seëvierende lewe.

**5. Die Kerk Is 'N Plek Van Gemeenskap Met Ander Christene**
Gemeenskap met ander Christene is noodsaaklik vir die groei van 'n gelowige. Ons verskerp onsself terwyl ons gemeenskap saam in die kerk het.

**6. Die Kerk Is 'N Plek Waar Christelike Groei En Karakter Verbeter Word**
God het sekere ampte in die Kerk verorden tot voordeel van die Christen: vir groei en om sy geestelike ontwikkeling op te skerp (Ef 4:11-16).

**7. Die Kerk Is 'N Plek Van Opleiding**
Die Kerk is 'n plek waar dissipline oorgedra word. God stel instrukteurs aan wat jou in die waarheid kan onderrig en jou kan help om jou lewe te kweek.

Vind die naaste kerk aan jou
op die 360Lace-toepassing

Beskikbaar vir aflaai op lwappstore.com

# OPGEDATEER OOR DIE OUTEUR

Pastoor Chris Oyakhilome, die President van LoveWorld Geïnk., 'n dinamiese, veelsydige, wêreldwye bediening, is die skrywer van Die Rapsodie van Realiteite, die wêreld se #1 dagstukkieboek en meer as 30 ander boeke. Hy is 'n toegewyde prediker van God se Woord, wie se boodskap die realiteit van die goddelike lewe in die harte van baie gevestig het.

Miljoene mense is geraak deur sy televisie-uitsending "Atmosphere For Miracles," wat God se teenwoordigheid tot in mense se huise bring. Die omvang van sy televisiebediening strek oor die hele wêreld met LoveWorld satelliettelevisienetwerke wat gehalte christelike programme aan 'n globale gehoor lewer.

By die wêreldbekende "Healing School" manifesteer hy die genesingswerke van Jesus Christus en het hy al baie mense gehelp om hul genesing te ontvang deur die werking van die gawes van die Gees.

Dit is Pastoor Chris se passie om die mense van die wêreld met God se teenwoordigheid te bereik – 'n goddelike afvaardiging wat hy al meer as 40 jaar vervul deur verskeie uitreike, kruistogte, asook verskeie ander platforms wat miljoene help om 'n oorwinnende en doelgerigte lewe in God se Woord te ervaar.

LWPL LoveWorld Publishing

*Nota*

# *Nota*